

Om God se troon tot met die wederkoms (OP68)

Op 7:9-17

28 November 2021

Vandag begin ons met 'n nuwe reeks. Dit is 'n relatief kort reeks wat fokus op die tema: Wanneer 'n gelowige sterf. Ek het op hierdie reeks besluit omdat ons gereeld met die dood gekonfronteer word. Ons leef in 'n samelewing waar geweldsmisdaad aan die orde van die dag is, en word gereeld gekonfronteer met statistiek oor hoeveel mense gesterf het. Sedert die begin van die covid-19 pandemie het ons gewoon geword aan daaglikse statistiek oor die aantal mense wat gesterf het. Van tyd tot tyd kom die dood egter baie nader aan ons, soos wanneer 'n geliefde sterf. En soos wat die jare aanstap, beleef ons hoe ons kragte minder word en die skete en kwale meer word – en onwillekeurig word ons herinner: dit is bloot 'n kwessie van tyd voor ons sterfdag ook aanbreek.

Dit alles laat die vraag ontstaan: Wat gebeur wanneer ons sterf? 'n Wyle gelede het ek 'n uitgesproke ateië die vraag gevra. Sy antwoord was: “Niks, die liggies gaan dood, en dan is dit die einde van jou bestaan.” Natuurlik verskil die Bybel van hierdie opinie. Geen mens se sterfdag is vir hom die einde van sy bestaan nie – nie vir 'n gelowige nie, en ook nie vir 'n ongelowige nie. Maar daar is 'n reuse verskil tussen wat 'n gelowige kan verwag wanneer hy sterf teenoor wat 'n ongelowige kan verwag. In hierdie reeks wil ek grotendeels fokus op wat 'n gelowige kan verwag. My doel hiermee is om seker te maak gelowiges is goed ingelig oor wat ons kan verwag. Maar ek hoop om meer as dit te bereik – ek hoop dat gelowiges opgewonde sal raak oor die heerlike verwagting wat ons het. En indien 'n ongelowige hierna sou luister, hoop ek dat dit hom jaloers sal maak om ook in hierdie vooruitsig te deel.

Ek gaan die oordenking van die lewe na die dood vir gelowiges opdeel in drie periodes: (1) Die eerste periode is die periode van 'n gelowige se sterfdag tot met Jesus se wederkoms. (2) Tweedens wil ek stilstaan by die wederkoms self. (3) Laastens wil ek stilstaan by die periode na die wederkoms, dus die ewigheid wat volg na die wederkoms. Vandag gaan ons net stilstaan by die eerste periode.

Siende dat hierdie 'n tematiese studie is, beteken dit dat ons na verskeie gedeeltes in die Bybel gaan kyk en daarna gaan streef om uit die verskillende gedeeltes 'n geheelbeeld te vorm van God se openbaring aan ons oor die lewe na die dood.

Hoekom sterf gelowiges?

As ons van “sterf” praat, bedoel ons daardie proses wat plaasvind aan die einde van ons lewens hier op aarde waartydens ons harte ophou klop en ons ophou asemhaal. Die vraag is: hoekom sterf mense? Om dit te verstaan, moet ons eers die vraag vra: Hoekom lewe daar hoegenaamd mense? En die antwoord is: Want God het dit so gewil. In Genesis 1 en 2 lees ons dat God alles geskape het, insluitend die mens. Hy het self lewe in die mens geblaas (Gen 2:7). Verder het Hy aan die mens die opdrag gegee om vrugbaar te wees en te vermeerder sodat die aarde gevul kan wees met mense. Hy het hulle boonop na Sy beeld geskape (Gen 1:27) – hulle moes Sy beeld vertoon. As die aarde gevul sou wees met mense wat Sy beeld akkuraat vertoon, dan sou die aarde gevul wees met die heerlijkheid van God – en dit is juis God se doel met die ganse skepping (Ps 72:19).

Ongelukkig weet ons wat in Genesis 3 gebeur het: Alhoewel die Here dit baie duidelik gemaak het dat Adam en Eva sou sterf as hulle van die boom van kennis van goed en kwaad sou eet (Gen 2:16-17), het hulle geswig voor die versoeking van die slang en wel daarvan geëet. Gevolglik het hulle gesterf. Hulle het op twee maniere gesterf: hulle het direk geestelik gesterf, siende dat hulle nie meer God se beeld akkuraat vertoon het nie; maar hulle het ook later fisies gesterf – hulle sonde het

tot gevolg gehad dat die Here hulle blootgestel het aan allerlei vorms van swaarkry in die wêreld. Dit het hulle liggame laat wegwyn tot hulle fisies gesterf het. En sedertdien is dieselfde waar van alle mense: Daar is nie een wat regverdig is en 'n getroue beeld van God is nie, almal het afgedwaal en in sonde geval (Rom 3:10-11). Soos Adam en Eva is alle mense van nature geestelik dood en sal ook eventueel fisies sterf.

Genadiglik het die Here ook reeds in Gen 3:15 beloop om die effek van die sondeval aan te spreek deur die Verlosser te stuur uit die nageslag van die vrou. Natuurlik verwys dit na Jesus wat sou kom om geregtigheid te bewerk vir sonde. Maar Jesus se geregtigheid is alleen vir die mense wat in Hom glo as hulle Verlosser (Rom 3:21-24). Omdat Jesus hulle ongeregtigheid effektief aangespreek het, leef hulle weer geestelik – deur hulle geloof in Jesus het hulle geestelik opgestaan. Hierdie geestelike opstanding vind reeds in hierdie lewe plaas, nog voor hulle fisies sterf. Hulle leef egter steeds in 'n sondegevalle wêreld, en die swaar waaraan hulle blootgestel is in die wêreld weens die sondeval, mergel hulle steeds uit, sodat hulle steeds eventueel fisies sterf.

Opsommend: Gelowiges was geestelik dood in hulle sonde, en was op pad na hulle fisiese dood. Deur hulle geloof in Jesus se werk van geregtigheid, het hulle egter reeds geestelik opgestaan, dus geestelik lewend geword. Hulle is egter steeds op pad na hulle fisiese dood. En wat ek in hierdie reeks wil oordink, is wat hulle kan verwag wanneer hulle fisies sterf.

Paulus se opgewonde verwagting van wat die dood bring

Paulus het 'n opgewonde verwagting van lewe na die dood gehad. Dit kom op verskeie plekke na vore in sy briewe. Ek wil graag na twee sulke plekke verwys:

Kom ons lees 1 Kor 15:16-19. In hierdie verse beredeneer Paulus die feit dat Jesus uit die dood opgestaan het. Hy redeneer dat as Jesus nie opgewek is nie, is die geloof van gelowiges nutteloos, want hulle is dan steeds dood in hulle sondes. Maar ons as gelowiges is tog juis oortuig dat Jesus uit die dood opgestaan het – as jy nog nie oortuig is nie, gaan doen 'n studie oor al die persone waarvan die Bybel ons vertel wat destyds tydens Jesus se opstanding oortuig was dat Hy opgestaan het – die getuienis is oorweldigend. Dit is tog juis deur hierdie geloof in Jesus se opstanding dat gelowiges reeds in hierdie lewe oorgaan van geestelik dood tot geestelik lewend, dat hulle reeds in hierdie lewe geestelik opstaan. Hulle ontvang alreeds in hierdie lewe vergifnis van sondes. Hulle word alreeds in hierdie lewe met God versoen. Maar in vers 9 sê Paulus: “As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense.” Duidelik was Paulus oortuig dat daar na ons fisiese lewens hier op aarde nog baie is wat gelowiges kan verwag. En dit moet iets wonderlik wees: want hy sê as die rede waarom ons op Christus vertrou net 'n effek het op hierdie lewe, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense! Dit beteken jy is selfs meer bejammerenswaardig as die ongelowiges! Ja, dit is reeds 'n groot voorreg om in hierdie lewe te weet ek is met God versoen, my sondeskuld is effektief aangespreek – maar Paulus se argument is dat as dit al is waarvoor ons ons hoop op Christus stel, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense. Daar moet dus nog baie meer en heerliker dinge wees wat gelowiges na hierdie lewe kan verwag. Wat kan so heerlik wees? Dit is wat ek wil oordink in hierdie reeks preke.

Kom ons kyk na nog 'n plek waar ons Paulus se opgewondenheid sien: Lees Fil 1:20-24. Paulus spreek sy begeerte uit dat hy met sy hele wese Christus wil verheerlik in sy lewe en sy sterwe. In vers 21 maak hy die stelling: “om te lewe is vir my Christus, en om te sterwe is vir my wins.” Uit sy redenasie is dit duidelik hy is in 'n tweestryd: as hy sou bly lewe, kan hy steeds diensbaar wees vir die Fillipense. Maar eintlik het hy die begeerte om te sterf, om heen te gaan en by Christus te wees,

want dit is verreweg die beste. Weereens is dit duidelik dat Paulus 'n groot verwagting het van dit wat na die dood gebeur. Wat is dit wat hom so opgewonde maak?

Wat gebeur die oomblik wanneer 'n gelowige sterf?

Kom ons begin om na die detail te kyk wat die Here ons leer oor wat ons kan verwag wanneer ons sterf. Ons begin deur te besin oor wat gebeur die oomblik wanneer 'n gelowige sterf.

Blaai na Luk 23:39-46. Hier lees ons van die twee misdadigers wat saam met Jesus gekruisig was. Een van hulle het Jesus gelaster en smalend opgemerk Jesus moet homself en hulle red as Hy werklik die Christus is. Die ander misdadiger het egter verstaan dat hulle straf regverdig is, omdat hulle dit verdien het, maar dat Jesus onskuldig gestraf word. Hy het gevra: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom". Hierdie misdadiger wat weens sy misdade tereg gestel word, het, terwyl hy aan die kruis gehang het en besig was om te sterf, tot geloof in Jesus gekom. Terwyl hy besig was om fisies te sterf, staan hy geestelik op. Jesus het hom geantwoord: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Later op daardie selfde dag sou hulle sy bene breek om seker te maak hy was fisies dood. Jesus beloof egter aan hom dat hy dan saam met Jesus in die paradys sal wees. Let op, dit gebeur direk – op dieselfde dag. Wat is hierdie paradys waarna Jesus verwys? Is dit dieselfde paradys as die een waaruit Adam en Eva gedryf is in Gen 3:23-24? Kom ons kyk: Wat ons wel weet van hierdie paradys, is dat Jesus ook daar gaan wees, want Jesus het gesê die misdadiger gaan saam met Hom wees. Waar ookal hierdie paradys is, Jesus sal ook daar wees. In Luk 23:46 lees ons wat met Jesus gebeur het die oomblik toe Hy gesterf het: Hy het sy gees aan die Vader oorgegee. Ons weet later daardie dag het Josef van Arimatea Jesus se liggaam van die kruis gehaal en dit gaan begrawe. Met Jesus se sterwe is sy gees dus geskei van sy liggaam. Sy gees is na die Vader toe, wat in die hemel is, terwyl sy liggaam na die graf is. Dieselfde was waar van die misdadiger: sy gees is ook saam met Jesus se gees na die hemel toe, terwyl sy liggaam aan die kruis agter gebly het. Die paradys waarvan Jesus praat moet dus die hemel wees! Dit herinner aan die situasie destyds voor die sondeval toe Adam en Eva in die paradys gewoon het, en God hulle daar kom besoek het. Wat so heerlik is vir daardie misdadiger aan die kruis: bietjie later op daardie Vrydag, toe sy bene gebreek is om seker te maak dat hy fisies dood was, was sy siel in die hemel – nog heerliker: sy siel was in die hemel by Jesus en die Vader! Ons as gelowiges kan dieselfde verwagting hê die oomblik as ons sterf – alhoewel ons liggame hier op aarde bly en begrawe word, gaan ons siele direk na die hemel toe, waar Jesus en die Vader is!

Wat kan ons verwag wanneer ons in die hemel kom?

Die boek Openbaring gee ons inligting oor wat ons kan verwag. Lees Op 7:9-17. Ek wil julle daaraan herinner dat die boek Openbaring uit 7 gedeeltes bestaan wat telkens die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms beskryf (diegene wat die reeks preke oor Openbaring geluister het sal verstaan waarvan ek praat). Op 7 is deel van die tweede siklus – dit het begin in Op 4 met die heerlike hemelse troonvisioen wat Johannes gesien het, en dit strek tot met die oopmaak van die sewende seël in Op 8. Die gedeelte wat ons saamgelees het pas tussen die oopmaak van die sesde en sewende seëls in. Siende dat die oopmaak van die sewende seël gepaard gaan met die finale oordeel wat sal plaasvind wanneer Jesus weer kom, beteken dit dat Op 7 voor die wederkoms plaasvind.

Kom ons kyk nou wat ons hier lees: ons lees van 'n groot menigte – so baie dat hulle nie getel kon word nie. Maar wie is hierdie menigte? Vers 9 sê hulle kom uit elke nasie, stam, volk en taal – d.w.s. hulle is mense, dis tog mense wat deel is van nasies, stamme, volk en tale. Hierdie mense kom uit al die nasies, stamme, volke en tale. Vers 14 verduidelik hulle kom uit die groot verdrukking – d.w.s.

hulle kom uit die verduking van gelowiges deur die duiwel hier op aarde, die verduking wat plaasvind met die oopmaak van die eerste ses seëls. Vers 14 sê ook hulle het hulle klere wit gemaak in die bloed van die Lam, d.w.s. hulle is die mense wat hulle geloof in Jesus, die Lam, gestel het en wat deur Sy bloed van hulle sondes skoon gewas is. Hulle is dus die gelowiges wat reeds gesterf het – die gelowiges deur die eeue heen, uit die Ou en die Nuwe Testament: Abraham, Moses, Dawid, Paulus, Petrus, Johannes, en ook jy wanneer jy as ‘n gelowige sterf.

Maar let nou op waar is hierdie menigte: Vers 9 verduidelik hulle was voor die troon en voor die Lam! Die troon waarvan hier gepraat word, is God se troon wat in die hemel is. Dit strook met wat ons gesien het aangaande die misdadiger aan die kruis – dat hy op sy sterfdag kon verwag om in die hemel te wees waar Jesus en die Vader ook is. Nou moet ons eers teruggaan na Op 4 en 5 om onder die indruk te kom van die heerlijkheid van hierdie troon en veral van die heerlijkheid van God wat daarop sit:

- Op die troon sit die Vader met ‘n voorkoms soos opaal en karneool (Op 4:2-3).
- In die middel van die troon staan Jesus, die Lam (Op 5:6, OAV). Hy is ook die Leeu uit die stam van Juda, die wortel van Dawid (Op 5:5).
- Vlak voor die troon brand sewe fakkels helder – dit is die sewe geeste van God, dus die Heilige Gees (Op 4:5).
- Rondom die troon is daar 24 ander trone waarop 24 ouderlinge sit met wit klere aan en goue krone op hulle koppe (Op 4:4) – hulle verteenwoordig die kerk deur die loop van die eeue, beide in die Ou en die Nuwe Verbond.
- Ook rondom die troon is daar 4 lewende wesens of gerubs elk met 6 vlerke vol oë (Op 4:6-8) – hulle is senior engele.
- Rondom hulle, was daar duisende der duisende, ja, miljoene der miljoene engele (Op 5:11).

Lees Op 4:8b-11: Dag en nag, sonder om te rus, sê die 4 lewende wesens: “Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom”. Elke keer wat hulle dit doen, kniel die 24 ouderlinge voor die troon terwyl hulle hulle krone voor die troon neersit en sê: “Here, ons God, U is waardig om die heerlijkheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur U wil het alles ontstaan en is dit geskep.”

Op 7 sê vir ons dit is voor hierdie troon wat die groot menigte van afgestorwe gelowiges se siele ook bymekaar kom. Hulle is daar om God se troon, hulle is daar met wit klere aan – hierdie klere is wit omdat dit gewas is in die bloed van die Lam! Die wit klere dui op hulle reinheid en hulle heiligheid. Natuurlik moet hulle rein en heilig wees – want hulle staan voor die troon van die drie maal heilige God! Hulle het palmtakke in hulle hande. Onthou jy Joh 12:12-13? Toe Jesus Jerusalem ingery het, het die mense palmtakke gevat en Hom tegemoet gegaan en uitgeroep: “Prys Hom! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom” en “Die Koning van Israel”. Wel, sedert daardie intog in Jerusalem het Jesus die oorwinning behaal, het Hy waarlik die Koning van Israel geword, het Hy die troon bestyg – en dit is voor die troon van daardie Koning wat die groot menigte van afgestorwe gelowiges bymekaar kom. Dit is in Sy bloed dat hulle klere wit gewas is! Daar is net een logiese reaksie – hulle roep hard uit: “Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!” (Op 7:9-10). En hulle doen dit dag en nag (Op 7:15)!

En dan, asof dit nie heerlijk genoeg is om rondom die troon van die Drie-Enige God te wees, en saam met die 24 ouderlinge en die 4 lewende wesens en die miljoene der miljoen engele die lof van God te besing nie, lees ons ook nog dat al hulle swaarkry van hierdie lewe verby is: Hulle sal nie meer honger en dors kry nie, die son sal hulle nie brand nie en ‘n hittegloed ook nie! En dit realiseer

omdat die Lam, dus Jesus, hulle as Herder na die fontein met die water van die lewe lei, en omdat God hulle tranes afdroog! (Op 7:16-17)

Kan ek jou uitnooi om 'n voorsmakie te proe van daardie lofprysing in die hemel waarvan ons verwag om deel te word die dag as ons sterf, deur op YouTube na 'n video te gaan kyk. Dis 'n video van die lied "Behold our God, seated on His throne" soos opgevoer deur die CBU University Choir and Orchestra. Die link is: <https://youtu.be/UV8bv4QuDtM>

Dink daaraan: daardie misdadiger aan die kruis het later daardie Vrydag deel geword van hierdie groot menigte in die hemel! Die dag as jy as 'n gelowige sterf, word jy ook deel van hierdie menigte in die hemel! Begin jy verstaan hoekom Paulus sê ons is bejammerenswaardig as ons net vir hierdie lewe op Christus vertrou? Begin jy verstaan hoekom hy redeneer om te sterwe is wins? Dit is waaraan gelowiges deel kry wanneer ons sterf!

Weet jy wat is egter verstommend? Alles wat ons tot nou toe gesien het, so absoluut heerlik as wat dit is, is steeds maar net die begin! Daar is steeds meer wat ons kan verwag! Want daar is tog nog iets wat ontbreek: Blaai na Hebreërs 11: hier lees ons van 'n verskeidenheid Ou Testamentiese geloofsgetuies – soos Abel, Henog, Noag, Abraham, Isak, Jakob, Josef, Moses en nog baie ander. Natuurlik is hierdie persone reeds oorlede (behalwe natuurlik Henog wat deur die Here weggeneem is). Ons moet dus sê hierdie persone is reeds deel van daardie groot menigte in die hemel. Maar kyk nou na Heb 11:39-40: Hier lees ons dat alhoewel daar vroeër in die hoofstuk met soveel lof oor hierdie gelowiges gepraat is, het nog nie een van hulle ontvang wat aan hulle beloof is nie. Alhoewel hulle reeds deel is van daardie menigte in die hemel rondom God se troon en alhoewel hulle reeds in daardie lofprysing en vreugde deel, sommige van hulle alreeds vir eeue lank, is daar nog iets wat uitstaande is waarop hulle wag. Vers 40 sê God het iets nóg beter in gedagte! En hulle wag nog op daardie iets. Hulle wag nog vir gelowiges, soos ons, wat nog nie gesterf het nie. Die rede hoekom hulle vir medegelowiges wag, is omdat God dit so beskik het dat hulle nie daardie ontbrekende iets sal ontvang waardeur hulle volmaak sal word, voordat al die gelowiges nie ook daar is nie. Daar is dus nog iets meer as wat ons hierbo gesien het, waarop hulle nog almal wag.

Ons kry dieselfde boodskap in Op 6:9-11 wanneer die vyfde seël oopgemaak word. Hier lees ons dat die siele van die mense wat a.g.v. hulle geloof doodgemaak is, onder die altaar bymekaar kom. Hierdie mense moet dus ook deel wees van die groot menigte – hulle is gelowiges wat reeds gesterf het. Hulle het 'n spesifieke vraag: Hoe lank nog voor die Here die oordeel gaan voltrek oor hulle vyande wat hulle dood veroorsaak het? Die antwoord aan hulle is dat hulle nog 'n klein rukkie moet wag. En waarvoor wag hulle? Hulle moet wag tot hulle medegelowiges wat ook nog doodgemaak moet word, ook gesterf het en by hulle is, m.a.w. tot al die gelowiges deel geword het van daardie groot menigte in die hemel.

Alhoewel die afgestorwe gelowiges reeds in die hemel is rondom God se troon, alhoewel hulle swaarkry reeds verby is, alhoewel hulle reeds wit klere ontvang het, alhoewel hulle reeds die lof van God dag en nag besing vir hulle redding saam met daardie hemelse skare, wag hulle nog. Hulle wag nog op al die medegelowiges wat ook daar bymekaar moet kom.

Wat is dit waarin hulle dan gaan deel? Wat gaan dan gebeur? Daarna sal ons, as die Here wil, volgende week begin kyk.

Intussen hoop ek daar is alreeds 'n opgewondenheid by jou oor wat jy kan verwag in die periode tussen jou sterfdag en daardie dag wat al die gelowiges rondom God se troon sal wees. Onthou, hierdie heerlik verwagting is so naby as jou sterfdag – dit mag baie nader wees as wat jy dink.

Onthou hoe opgewonde Paulus was oor sy sterwe: hy het dit beskryf as wins! God se openbaring bevestig dit is wins – wat ons dan gaan belewe is tog baie heerliker as wat hierdie lewe ons bied!